# KONINKRYK. LES 31

| 1 | **GEBED** |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| 2 | **UITWISSELING** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **SPREUKE 15, 16, 17 en 19** |
|---|---|

***Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks*** wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Spreuke 15, 16, 17 en 19). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 3 | **MEMORISERING** (5 minute) ***[SLEUTELVERSE IN ROMEINE]*** **(11) ROMEINE 8:1** |
|---|---|

***Repeteer*** twee aan twee.
**(11) Romeine 8:1.** Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. (OAV)

| 4 | **ONDERRIG** (85 minute) ***[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]*** **DIE DOKTER EN DIE SIEKE en DIE SOUT VAN DIE AARDE EN DIE LIG VAN DIE WÊRELD** |
|---|---|

**"Die gelykenis van die dokter en die sieke" in Matteus 9:9-13**
**en "die gelykenis van die sout van die aarde en die lig van die wêreld" is gelykenisse oor**
**GETUIG IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

"'n Gelykenis" is 'n aardse verhaal met 'n hemelse betekenis. Dit is 'n lewensgetroue verhaal of 'n illustrasie wat ontwerp is om 'n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse
(Sien handleiding 9, supplement 1).

---

## A. DIE GELYKENIS VAN DIE DOKTER EN DIE SIEKE

*Lees* Matteus 9:9-13, Markus 2:13-17 and Lukas 5:27-32.

### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en histories feite van die agtergrond van die verhaal.
***Bespreek.*** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?
***Aantekeninge.***

Hierdie gelykenis is in die vorm van 'n stelling. Siek mense gaan na dokters vir genesing. Gesonde mense gaan gewoonlik nooit na 'n dokter nie.

---

### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die verband van die "verhaal" van die gelykenis kan bestaan uit "die agtergrond" en "die uitleg of toepassing" van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.
***Ontdek en bespreek.*** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**(1) die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 9:9-11.**

Die tollenaar Levi (Matteus) het ’n tolhuis in die omgewing van die kus by Kapernaum gehad (Markus 2:13). Sy taak was om belastings vir goedere wat vervoer is op die internasionale hoofweg tussen Sirië en Egipte in te samel. Hy het in Kapernaum, die hoofkwartier van Jesus Christus gewoon (Matteus 4:12-16). Voor hierdie gebeurtenis het hy al dikwels na Jesus geluister en het hy al sy hart aan Jesus Christus en sy saak oorgegee. Toe Jesus Christus hom roep om Hom as sy dissipel te volg, het hy opgehou om ’n tollenaar te wees en het hy een van die twaalf apostels van Jesus Christus geword.

Lukas vertel dat Matteus ’n groot maaltyd vir Jesus Christus aangebied het in sy huis. ’n Groot aantal tollenaars en sondaars het gekom en saam met Jesus en sy dissipels geëet. Tollenaars het geen rekening gehou met die reëls en wette wat die Fariseërs aan die Wet van God toegevoeg het nie. Nog erger was dat tollenaars en hul vriende die Wet van God grof oortree het. Hulle was berug vir oneerlikheid, hebsug en gebrek aan vaderlandsliefde ten opsigte van Israel. Jode het tollenaars as verraaiers beskou en veral die Fariseërs het hulle verag.

Die Fariseërs het gesien hoe Jesus en sy dissipels met die tollenaars en ander sondaars geëet het. Toe die maaltyd oor was en die mense vertrek het, het die Fariseërs waarskynlik hul kritiek en bitterheid teenoor die dissipels geuit. Hoe kon hulle so ’n slegte leraar volg? Jesus het die kritiek gehoor en het die verleënheid van sy dissipels gesien. Op hierdie punt het Jesus die gelykenis van die dokter en die sieke vertel.

**(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 9:12.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 9:13.**

---

### 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

***Inleiding.*** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!
***Ontdek en bespreek.*** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
***Aantekeninge.*** Jesus het geen uitleg van hierdie gelykenis gegee nie. Maar uit die stelling (die gelykenis) blyk dit dat “die gesonde mens”, “die siek mens” en “die dokter” relevante details is. Gewoonlik gaan gesonde mense nooit na die dokter nie, maar siekes wel, omdat hulle hoop om genesing te ontvang. “Die gesonde mense” vertegenwoordig die Fariseërs, “de siek mense” die tollenaars en sondaars en “die dokter” Jesus Christus.

---

### 4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

***Inleiding.*** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. ’*n Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les*. Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.
***Bespreek.*** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**“Die gelykenis van die dokter en die sieke” in Matteus 9:9-13 gaan oor “getuig in die koninkryk van God”.**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Daar is tye en geleenthede wanneer dit heeltemal gepas en geregverdig is om met veragte slegte mense om te gaan, veral as die doel is om hulle in hul nood te help.”**

Om te getuig is een van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk gaan daarop uit om om te gaan met allerlei verskillende groepe van mense in die wêreld, ongeag hul sosiale agtergrond, sosiale stand of ontwikkeling, ten einde genesing en verlossing aan hierdie mense te bring.

---

### 5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

***Inleiding.*** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
***Ontdek en bespreek.*** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
***Aantekeninge.***

**Deuteronomium 10:17-18; Matteus 5:6.** Jesus leer dat Christene moet honger en dors na geregtigheid. Dit wil sê, dat hulle moet opkom vir die regte van swak mense en mense wat deur niemand in die maatskappy verteenwoordig word

nie: die wese, die weduwees en die vreemdelinge die asielsoekers, ekonomiese migrante, politieke en godsdienstige vlugtelinge wat dikwels onwettig in die land aanwesig is.

**Matteus 11:28-30.** Gee jouself aan mense wat vermoeid en belas is met sorge, probleme en angste. Baie mense het iemand nodig om te luister, hulle ernstig op te neem en hulle te aanvaar. Baie mense is eensaam en het iemand nodig om mee om te gaan.

**Matteus 22:9-10.** Gaan na die mense wat in jou straat leef of op die straathoek rondhang. Baie jongmense verveel hulle en het geen doel waaraan hulle hulself kan gee nie. Nooi elkeen wat jy vind uit om Jesus Christus te ontmoet en sy koninkryk in te gaan, ongeag of hulle "goed" of "sleg" in die oë van ander mense is.

**Lukas 14:21-23.** Gaan en nooi die armes, die kreupeles, die blindes en die lammes uit by jou tuis te kom en berei 'n maaltyd vir hulle. Meestal is die mense op die rand van die samenlewing die mees gewillig om op jou uitnodiging in te gaan.

**Lukas 15:4,8,24.** Gaan en soek die verlore skape totdat jy hulle vind. Hulle kan mense wees wat vroeër "Christene" was en afgedwaal het. Bring mense tot bekering van hul sonde en slegte lewensstyl en bring hulle terug by God en sy volk.

**Lukas 19:10.** Gaan, soek en red wat verlore is in elke betekenis van die woord.

**Johannes 7:37-38.** Nooi mense uit wat dors na 'n persoonlike verhouding tot (met) God, om te ervaar dat God deur sy Heilige Gees in hulle woon en hulle tot 'n stroom van lewende water maak wat alles in hul omgewing transformeer.

---

## 6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?
***Aantekeninge.***

**(1) Jesus en is dissipels het omgegaan met veragte mense.**
Jesus het op vertroulike wyse met mense met 'n lae reputasie omgegaan, nie soos 'n vraat of dronkaard of handlanger in die kwaad nie, maar soos 'n dokter. Sonder om op enige wyse Homself te laat beïnvloed deur die sonde (siektes) van sy pasiënte, gaan Hy met hulle om ten einde hulle te genees! Soos 'n ware dokter het Hy sy plig gedoen!

**(2) Die Fariseërs het veragte mense vermy.**
Hulle het hulself as regverdig beskou in God se oë. Hulle het gedink dat hulle "gesond" was en het "die siekes" (alle andere mense) verag (Lukas 18:9; Johannes 7:49). Omdat hulle kontak met tollenaars en sondaars as "besmetlik vir hul godsdienstige suiwerheid" beskou het, het hulle hierdie mense vermy.

Op basis van hul eie redenasies het Jesus die houding van die Fariseërs veroordeel en het Hy sy eie gedrag geregverdig. As die Fariseërs die tollenaars en sondaars as "siek" beskou het, waarom het hulle hul dan nie genees nie? Jesus het die Fariseërs daarop gewys dat hulle hul plig verwaarloos het, omdat hulle geen barmhartigheid, vriendelikheid en hulp aan hierdie mense aangebied het nie.

**(3) God verlang na barmhartigheid teenoor veragte mense.**
Jesus het die Fariseërs uitgedaag om die betekenis van God se woorde te verstaan: "Ek verwag liefde eerder as offers". Jesus het hierdie woorde uit Hosea 6:6 aangehaal. In die tyd van die profeet Hosea (754-714 v.C.), was die volk Israël ontrou aan God en het hulle die verbond met God (die HERE) verbreek. Hulle het die goeie verwerp, dinge sonder die goedkeuring van God gedoen en afgode gemaak wat gelei het tot hul eie vernietiging (Hosea 8:1-4). Die mense in Israël het roof en moord gepleeg en het prostitusie en bedrog beoefen (Hosea 6:9 - 7:2). Israël het aangehou om offerandes aan God te bring, maar God het dit as 'n dooie ritualisme beskou en Hy het dit verag (Hosea 8:13). Die profeet Hosea het gesê dat God barmhartigheid wil, dit wil sê, om die verbond met God vas te hou en hul naaste lief te hê. In Matteus 9:13 lê die nadruk op barmhartigheid en vriendelikheid teenoor tollenaars en sondaars.

**(4) Jesus het nie gekom vir regverdige mense nie, maar om sondaars tot bekering te roep.**
Die woorde "tot bekering roep" in Lukas 5:32 word geïmpliseer in die woord "roep" in Matteus en Markus. Sondaars word geroep (uitgenooi) om Jesus Christus als hul Verlosser en Heer aan te neem. Insoverre hierdie roeping betrekking het op die verkondiging van die evangelie deur Christene, is dit nie altyd effektief nie (Matteus 22:14), maar insoverre hulle betrekking het op die werk van die Heilige Gees in die harte van sondaars, is hulle altyd effektief (Romeine 8:30)!

Hierdie Bybelgedeelte maak dit duidelik dat hierdie uitnodiging nie gerig was aan mense wat hulself as "regverdig" beskou, selfs al was hulle gladnie regverdig nie. Die uitnodiging tot verlossing word gerig aan mense wat wanhopig verlang om verlos te word! Jesus Christus "het gekom om te soek en te red wat verlore is" (Lukas 19:10). Hy het gekom om die siekes, die sondaars, die afgedwaaldes, die bedelaars, die vermoeides, die belastes, die hongeriges en dorstiges, in kort, die verlorenes te red!

---

## B. DIE GELYKENISSE VAN DIE SOUT VAN DIE AARDE EN DIE LIG VAN DIE WÊRELD

***Lees*** Matteus 5:13-16.
Hierdie twee vergelykings is eintlik metafore. 'n Metafoor is 'n vergelyking tussen twee sake wat fundamenteel ongelyk is en waarin die vergelyking alleen maar geïmpliseer word. Dit maak geen gebruik van die woord "soos" of "gelyk" nie en daarom moet die vergelyking uit die inhoud of die konteks afgelei word. Byvoorbeeld, in die Bybel is die volgende metafore: "Die HERE is my herder" (Psalm 23:1). "Die gordel van die waarheid", "die borsharnas van die geregtigheid", "die skild van die geloof", die helm van die saligheid" en "die swaard van die Gees" (Efesiërs 6:10-17). Ook: "Let op die honde" (Filippense 3:2).

### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?
***Aantekeninge.***

**Sout.** Sout het verskillende eigenskappe: dit is wit, skerp, het 'n prikkelende smaak en genesende krag. In hierdie illustrasie lê die nadruk waarskynlik op die antiseptiese funksie en bewarende vermoë van sout. Sout voorkom of vertraag bederf. Sy funksie om smaak te gee moet nie uitgesluit word nie (Levitikus 2:13; Kolossense 4:6).

**As sout sy smaak verloor het.** Die sout wat herwin is in die moerasse en broeklande (kuile) of rotse in die omgewing van die Dooie See het 'n flou of alkaliese smaak, omdat dit met gips vermeng is (Esegiël 47:11). Sout wat sy funksie verloor, is waardeloos. Mense gooi dit weg of vertrap dit op die grond.

**Lig.** Lig het ook verskillende eienskappe: dit is helder, sigbaar, het kleur en die vermoë dinge aan die lig te bring (te openbaar). In hierdie illustrasie lê die nadruk waarskynlik op sigbaarheid. Lig is 'n substansie wat goeie dinge openbaar en duisternis verdryf.

**Die lig van 'n stad bo-op 'n berg.** 'n Stad bo op 'n berg kan onmoontlik verborge bly. Almal kan dit sien.

**Die lig van 'n lamp op 'n staander.** Die lampe in die tyd van Jesus het bestaan uit plat klei houers met 'n tuit waaruit 'n katoen pit gehang het. Bo-op was daar twee gate: een om olie in te gooi en 'n ander om lug (suurstof) binne te laat. Die lamp is op 'n uitsteeksel op die pilaar in die middel van die enkel kamer in die huis geplaas. Hierdie pilaar het die balk waarop die plat dak gerus het, ondersteun. Soms is die lamp in 'n gat in die muur geplaas of op 'n staander. Belangrik is dat 'n lamp altyd geplaas word op 'n plek waar dit lig aan almal in die huis kan gee!

---

### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

***Ontdek en bespreek.*** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 5:11-12.**
Jesus beskryf die invloed van die wêreld op Christene: die slegte mense in die wêreld beledig en vervolg dikwels Christene. Maar in hierdie gelykenis beskryf Jesus Christus presies die teenoorgestelde: naamlik, die invloed van Christene op die wêreld! Die invloed van die koninkryk van God op die wêreld is soos die funksies van sout en lig.

**(2) Die verhaal van hierdie gelykenisse of metafore staan in Matteus 5:13-15.**

**(3) Die uitleg of toepassing van hierdie gelykenisse staan in die illustrasies self en in Matteus 5:16.**

---

### 3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

***Ontdek en bespreek.*** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
***Aantekeninge.***

**Sout.** Jesus het Self die vergelyking tussen die burgers van God se koninkryk en sout gemaak. Sout gee smaak, maar voorkom ook bederf. Daarom is hierdie detail essensieel (noodsaaklik) en relevant.

**Lig.** Jesus het Self ook die vergelyking tussen die burgers van God se koninkryk en lig gemaak. Die lig van 'n stad op 'n berg of 'n lamp op 'n staander kan nie weggesteek word nie. Daarom is hierdie detail ook essentieel (noodsaaklik) en relevant.

---

### 4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
***Aantekeninge.***

**Die gelykenis van die sout van die aarde en die lig van die wêreld in Matteus 5:14-16 gaan oor "getuig in die koninkryk van God".**

**De belangrike les van hierdie gelykenis is die volgende: “Die invloed van die burgers van God se koninkryk is (negatief gesien) om morele en geestelike bederf te bestry en (positief gesien) om die boodskap van verlossing met al sy seëninge te versprei.”**

Om te getuig is een van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk bestry enersyds wêreldgelykvormigheid en sekularisasie en andersyds afsydigheid en isolasie van die wêreld. Hulle bestry die een uiterste van moderne mensen wat nie in die bestaan van die God van die Bybel glo nie en neig om alleen maar te lewe vir materialisme en plesier (1 Korintiërs 15:32). Hulle bestry ook die ander uiterste van moderne mense wat nie glo in die belang van God se skepping en neig om alleen maar te lewe in ’n godsdiens wat geen positiewe invloed op die wêreld het nie.

---

### 5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

***Inleiding.*** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.
***Ontdek en bespreek.*** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
***Aantekeninge.***

**Efesiërs 4:29; Kolossense 4:6; 1 Timoteus 4:12.** Sout het die vermoë om kos goed te bewaar en bederf (korrupsie) te keer. Christene moenie smaakloos word in hoe hulle praat en hulself gedra nie. Sout het ’n skerp, prikkelende smaak. Wat Christene sê, behoort inhoud te hê en die gedagtes van ander te stimuleer. Wat ’n Christen sê en doen, moenie afstootlik, maar juis aantreklik wees. ’n Christen moet herken word aan hoe hy praat en hoe hy leef.

**Psalm 36:9; 119:105; Matteus 6:22-23; 2 Korintiërs 4:6.** Lig is ’n simbool vir die ware kennis van God. Die ware kennis oor wie God is en wat sy wil is, moet van God Self kom (deur middel van sy openbaring). Dit is deur Jesus Christus geopenbaar en uiteindelik in die Bybel opgeteken. Die kennis van God word deur die ore gehoor en deur die oë gesien en kom tereg in die siel (gees) van die mens. Wat ’n mens binnelaat deur sy oë gaan uiteindelik sy hele liggaam en persoonlikheid beïnvloed.

**Johannes 3:19-21; Efesiërs 5:8-14.** Lig simboliseer goedheid, geregtigheid en waarheid. Dit simboliseer alles wat God welgevallig is. Dit bring wat skandelik, duister of in die geheim is aan die lig. Christene behoort verligte lewens te ly voor mense in die wêreld.

**Jesaja 9:1-7; Johannes 1:4; 8:12. Die** eienskappe (kenmerke) van God word saamgevat met die woord “lewe” en die openbaring van die eienskappe (kenmerke) van God word saamgevat met die woord “lig”. Jesus Christus is die Lewe en die Lig. Hy is in sy wese God (besit God se kenmerke en karakter) en openbaar die onsigbare God en maak God se heerskappy sigbaar aan mense. Sy koninkryk resulteer in vreugde en vrede. Wie Jesus Christus volg, sal ook die lig van die lewe hê, dit wil sê, het sigbaar die ewige lewe en openbaar sigbaar die kenmerke van God aan mense.
0

**Psalm 27:1; Lukas 1:77-79. “**Lig” sluit alle seëninge van verlossing in. Dit is waarskynlik die betekenis in Matteus 5:14. Christene openbaar sigbaar die seëninge van verlossing aan die mense in die wêreld. Hulle straal na buite dat hulle volkome vergewe is, deur God aanvaar is, kosbaar in God se oë is en betekenis vir God het. Hulle is seker van hul verlossing en hul ewige posisie in Jesus Christus en is oortuig dat hul taak in die wêreld baie sinvol in God se oë is.

---

### 6. Maak ’n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

***Bespreek.*** Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?
***Aantekeninge.***

**(1) Die mense in God se koninkryk is die sout.**
Die mensen in God se koninkryk, dit wil sê, die opregte Christene, het die taak gekry om morele en geestelike bederf te bestry. Sout werk in die verborgene. Ons kan nie sien hoe dit werk nie, maar wel dat dit werk en effek het! Die aanwesigheid van Christenen tussen nie-Christene sorg daarvoor dat vuil grappe nie vertel word nie, dat godslasterlike dinge niet uitgespreek word nie, dat bose planne niet uitgevoer word nie, dat omkoopgeskenke nie gegee of aangeneem word nie, dat korrupsie, vandalisme, dwelms en kriminaliteit bestry word, dat mense nie misbruik word nie, ens. Die wêreld is sleg, maar sonder die beteuelende voorbeeld van Christene, hul lewens en gebede, sou die wêreld nog baie erger gewees het (Genesis 18:20-32).

**(2) Wat gebeur daar met mense in God se koninkryk wat hul smaak verloor het?**
Die Fariseërs en Skrifgeleerdes was voorstanders van ’n formele, wettiese godsdiens in plaas van om die ware godsdiens wat die Ou-Testamentiese profete verkondig het. Die resultaat was dat “sout” sy smaak in die godsdiens van Israel verloor het. Israel en baie “seuns (Grieks: huioi) van die koninkryk”, dit wil sê, die ongelowige nasate van die Ou-Testamentiese gelowiges, sal uit God se koninkryk gewerp word (Matteus 8:12). Hulle was nie wedergebore nie (Johannes 3:3-8).

Mense wat opgevoed (opgelei) is in die kennis van die waarheid en tog hul harte verhard het teen die Heilige Gees en sy vermanings, kan menslik gesproke nie meer tot bekering gebring word nie (Matteus 12:32; Hebreërs 6:4-6)[1].

**(3) Die mense in God se koninkryk is die lig en die lampe.**

Die burgers van God se koninkryk het niet alleen lig nie, dit wil sê, al die seëninge van verlossing, ontvang nie, maar het ook lampe geword wat die seëninge van verlossing aan ander in die wêreld versprei. Wat ’n lamp is vir ’n huis, is Christene vir die wêreld. Hulle laat die lig van verlossing in Jesus Christus in die wêreld skyn, sodat alle mense dit kan sien en God verheerlik. Christene doen goeie werke uit dankbaarheid vir die verlossing wat hulle uit genade deur geloof ontvang het.

Christene is bestem om besitters van die lig en draers van die lig te wees (Filippense 2:15)! Maar Christene is nooit “lig” op hulleself nie of in hul eie vermoë nie. Die enigste Ware Lig in die wêreld is Jesus Christus (Johannes 8:12) en Christene is alleen die lig van die wêreld solank hulle in Jesus Christus bly en die Lig van Christus versprei (reflekteer). Jesus Christus is soos die son en Christene is soos die maan, wat die lig van die son reflekteer. Sonder Jesus Christus kan Christene nie skyn nie (Johannes 15:5).

Daarom is die die taak van die Gemeente/Kerk, nie om haar eie lig (leerstellings en tradisies) te versprei nie of om uitsprake te maak oor elke aangeleentheid in die wêreld nie. Dit is die taak van die Gemeente/Kerk om die lig van Jesus Christus te versprei (reflekteer), dit wil sê, om die boodskap van die Koninkryk (koningskap) van Jesus Christus en sy verlossing te verkondig. Vergeet nie, “Die getuienis van Jesus Christus (die getuienis wat gegee word deur Jesus Christus en aangaande Jesus Christus) is die gees (essensie) van profesië” (Openbaring 19:10)!

## C. ’N SAMENVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE ONDERWYSINGS OF LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR GETUIG IN GOD SE KONINKRYK

Die gelykenisse oor “GETUIG IN GOD SE KONINKRYK” is die volgende.

- “Die gelykenis van die dokter en die sieke” in Matteus 9:9-13.
- “Die gelykenis van die sout van die aarde en die lig van die wêreld” in Matteus 5:13-16.
- “Die gelykenis van die huiseienaar” in Matteus 13:51-52 (Sien handleiding 11, supplement 10).
- “Die gelykenis van die arbeiders en die oes” in Matteus 9:35-38 (Sien handleiding 11, supplement 10).

***Bespreek.*** Wat is die belangrike boodskappe of lesse in die gelykenisse oor getuig in God se koninkryk?
Wat leer Jesus Christus ons om *te weet, te glo, te wees en te doen*?
***Aantekeninge.***

**(1) Alle mense, veral die verlore mense, moet weet hoe (wie) God en Jesus Christus is.**

Jesus Christus het gekom om te soek en te red wat verlore is! Hy het gekom vir die siekes, die sondaars, die afgedwaaldes, die nie-bevoorregte mense, die bedelaars, die vermoeides, die hongeriges, die dorstiges, ens. Hy het met mense omgegaan wat verag is, die nie-bevoorregte mense, wat vermoeid en belas in die wêreld lewe ten einde hulle te red en te genees.

**(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.**

God wil dat Christene sy getuiges sal wees. Hierdie gelykenisse leer dat Christene, netsoos Jesus Christus, moet omgaan met die veragte mense, die nie-bevoorregte mense, die opgejaagde (verjaagde) mense ten einde hul behoefte aan genesing, herstel en verlossing tegemoet te kom. Christene moet hulself nie van die gebeurtenisse in die maatskappy (samelewing) isoleer nie. Hulle moet juis mense beïnvloed deur enersyds elke vorm van morele en geestelike bederf (korrupsie) te bestry en andersyds die kennis van die seëningen van die verlossing in Jesus Christus te versprei. Christene het die verantwoordelikheid om aan ander mense deur te gee wat hulle van Jesus Christus en die Bybel geleer het. Christenen moet tot God bid dat Hy meer toegeruste arbeiders in die wêreld sal uitstuur met die oog op die oes in die wêreld. Ten slotte behoort Christene andere Christene toe te rus om arbeiders van Jesus Christus in die wêreld te wees.

| 5 | **GEBED** (8 minute) ***[REAKSIES]*** **GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD** |
|---|---|

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

[1] **Hebreërs 6:4-6.** Grieks: adunaton ... parapesontas (aoristus, aktief, deelwoord) palin anakainizein eis metanoian (onmoontlik om hulle weer opnuut tot bekering te bring). Dit lyk asof hulle hul bekeer het, want hulle was “eens verlig” (gedoop), “het die hemelse gawe geproe (die Heilige Nagmaal geniet), “hulle het deelgenoot geword van die Heilige Gees” (alhoewel dit veronderstel dat hulle die Heilige Gees ontvang het toe die apostels hande op hulle gelê het - sien Simon in Handelinge 8:18-21 – was hulle nie wedergebore nie), het die goeie Woord van God (die prediking en onderwysings) en die kragte van die toekomstige wêreld (die magtige werke en wonderwerke in de apostoliese tydperk) geproe.
“Alleen die Here ken wie van Hom is” (2 Timoteus 2:19) en die resultate in hul lewens is ’n aanduiding wat daar werklik in hul lewe plaasgevind het (Hebreërs 6:7-8)! Die moontlikheid om terug te val word onderskat as jy dink dat dit nie kan gebeur nie. En dit word oorskat as jy dink dat jy jou nie kan bekeer van sonde na jou doop met water nie.

| 6 | **VOORBEREIDING** (2 minute) ***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS** |
|---|---|

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die dokter en die sieke” en die gelykenis van “die sout van die aarde en die lig van die wêreld” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Spreuke 27, 28, 29 en 31.** Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. **(12) Romeine 8:38-39**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 8:18-39.** Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.